



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**GEOGRAFIE V1**

**NOVEMBER 2019**

**PUNTE: 225**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye en 'n 10 bladsy-bylae.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae.
2. Beantwoord ENIGE DRIE vrae van 75 punte elk.
3. Alle diagramme is by die BYLAE ingesluit.
4. Laat 'n reël oop tussen onderafdelings van vrae wat jy beantwoord.
5. Begin ELKE vraag boaan 'n NUWE bladsy.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Nommer die antwoorde in die middel van die reël.
8. MOENIE in die kantlyne van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.
9. Teken volledig benoemde diagramme wanneer dit vereis word.
10. Antwoord in VOLSINNE, tensy jy moet noem, identifiseer of 'n lys maak.
11. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: KLIMAAT, WEER EN GEOMORFOLOGIE****VRAAG 1**

- 1.1 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n term uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.7) in jou ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.8 klimaat.

stralingmis;	katabaties;	temperatuurinversie;	anabaties;
rookmis;	termiese gordel;	ryp;	aspek

- 1.1.1 Sone waar 'n warm lugmassa tussen kouer lugmassas vasgevang is
- 1.1.2 'n Mengsel van rook en mis
- 1.1.3 Die rigting waarin die helling in verhouding tot die son se strale wys
- 1.1.4 Vorm wanneer kalm toestande en skoon lug in 'n vallei voorkom
- 1.1.5 Vorm op die valleivloer wanneer lugtemperatuur tot onder vriespunt daal
- 1.1.6 Tipe wind wat ontstaan as gevolg van lug wat snags teen die helling in die vallei afdaal
- 1.1.7 Tipe wind wat ontstaan wanneer lug gedurende die dag teen die valleihelling op beweeg (7 x 1) (7)
- 1.2 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.9 D.
- 1.2.1 Die dwarsprofiel van 'n rivier toon die vorm van die riviervallei vanaf ...
- A oorsprong tot monding.  
B konkav tot konveks.  
C oewer tot oewer.  
D breedte tot diepte.
- 1.2.2 Die vorm van die vallei in die bloop van 'n rivier is ...
- A V-vormig.  
B wyd.  
C geleidelik.  
D U-vormig.

- 1.2.3 Afsetting is die dominante proses in die ... van die rivier.
- A bloop
  - B middelloop
  - C benedeloop
  - D jong loop
- 1.2.4 Die volume water in die middelloop van die rivier sal waarskynlik as gevolg van ... vermeerder.
- A sywaartse erosie
  - B sytakke wat by die rivier aansluit,
  - C afwaartse erosie
  - D geen sytakke wat by die rivier aansluit nie,
- 1.2.5 Stroomversnellings sal mees waarskynlik in die ... ontwikkel.
- A benedeloop
  - B middelloop en benedeloop
  - C bloop
  - D bloop en benedeloop
- 1.2.6 Die stroomvloei (afvoer) van 'n rivier in die bloop is gewoonlik 'n ... vloei.
- A gelaagde
  - B laminêre
  - C gladde
  - D turbulente
- 1.2.7 'n Hoefystermeer kan uit 'n ... in die benedeloop van die rivier gevorm word.
- A glyoewer
  - B stootoewer
  - C meanderboog
  - D meandermerk
- 1.2.8 Die prosesse wat 'n rivier vanaf die bloop tot die benedeloop ondergaan, is ...
- A erosie, vervoer en afsetting.
  - B vervoer, erosie en afsetting.
  - C erosie, afsetting en vervoer.
  - D afsetting, erosie en vervoer.
- (8 x 1) (8)

- 1.3 FIGUUR 1.3 is gebaseer op 'n gevalllestudie van 'n tropiese sikloon wat onlangs 'n invloed op Suidelike Afrika gehad het.
- 1.3.1 Verwys na die artikel. Waarmee kan jy hierdie intense tropiese sikloon vergelyk? (1 x 1) (1)
- 1.3.2 Noem EEN toestand wat nodig was vir die vorming van tropiese sikloon Idai. (1 x 1) (1)
- 1.3.3 Verwys na die prentjie en bepaal die verwagte windspoed waarmee tropiese sikloon Idai die kus van Mosambiek sal bereik. (1 x 1) (1)
- 1.3.4 Waarom sal die windspoed afneem soos jy verder van die oog af beweeg? (1 x 2) (2)
- 1.3.5 Verduidelik hoe die gevaarlike halvesirkel van tropiese sikloon Idai ontstaan (ontwikkel) het. (1 x 2) (2)
- 1.3.6 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, stel die negatiewe impak voor wat hoë windsnelhede op die kusgebiede van Mosambiek sal hê. (4 x 2) (8)
- 1.4 Bestudeer FIGUUR 1.4 wat op Suid-Afrikaanse bergwinde gebaseer is.
- 1.4.1 Noem die seisoen waarin Suid-Afrikaanse bergwinde ontwikkel. (1 x 1) (1)
- 1.4.2 Gee TWEE bewyse in FIGUUR 1.4 om jou antwoord op VRAAG 1.4.1 te ondersteun. (2 x 1) (2)
- 1.4.3 (a) Waarom word bergwinde as droog beskryf? (1 x 2) (2)
- (b) Wat veroorsaak dat die Suid-Afrikaanse bergwind 'n warm afluende wind is? (1 x 2) (2)
- (c) Hoe beïnvloed 'n steil lugdrukgradiënt Suid-Afrikaanse bergwinde? (2 x 2) (4)
- 1.4.4 Waarom is nooddienste (brandweer, ambulansdienste en verkeerspolisie) uiters paraat (gereed) wanneer bergwindtoestande voorkom? (2 x 2) (4)

- 1.5 Bestudeer FIGUUR 1.5 wat op stroomroof gebaseer is.
- 1.5.1 Definieer die term *stroomroof*. (1 x 1) (1)
- 1.5.2 Beskryf die erosie wat met die proses van stroomroof in skets **A** geassosieer word. (1 x 1) (1)
- 1.5.3 Identifiseer verskynsels **L** en **M** wat as gevolg van stroomroof ontstaan. (2 x 1) (2)
- 1.5.4 Pas die terme *rowerstroom* (*roofstroom*) en *verarmde stroom* by strome **J** en **K** in diagram **B**. (2 x 1) (2)
- 1.5.5 (a) Wat is 'n *waterskeiding*? (1 x 1) (1)
- (b) Hoe kan die stroomroofproses veroorsaak dat die waterskeiding sy posisie verander? (1 x 2) (2)
- (c) Watter uitwerking sal stroomroof op die volume water in stroom **K** hê? (1 x 2) (2)
- 1.5.6 Wat kan die plaaslike boerderygemeenskap rondom stroom **J** doen om met hulle daaglikse aktiwiteite voort te gaan nadat stroomroof plaasgevind het? (2 x 2) (4)
- 1.6 Verwys na FIGUUR 1.6 wat opvangs- en rivierbestuur toon.
- 1.6.1 Wat is die vernaamste bron van afvalwater? (1 x 1) (1)
- 1.6.2 Bespreek hoe die verwydering van die natuurlike plantegroei vir menslike aktiwiteite die geërodeerde grond en sedimente in die rivier vermeerder het. (1 x 2) (2)
- 1.6.3 Verduidelik hoe afloop vanaf beide die nedersetting en bewerkte grond die watergehalte van 'n rivier sal laat afneem. (2 x 2) (4)
- 1.6.4 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, bespreek waarom volhoubare rivierbestuur vir alle sektore van die ekonomie belangrik is. (4 x 2) (8)
- [75]**

**VRAAG 2**

2.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae wat op die dwarsprofiel van die middelbreedte-sirkoon in FIGUUR 2.1 gebaseer is, gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 2.1.9 D.

2.1.1 Die algemene beweegrigting van 'n middelbreedte-sirkoon in die Suidelike Halfrond is ... -waarts.

- A noord
- B wes
- C oos
- D suid

2.1.2 Identifiseer wolk **A** wat met die warm front geassosieer word:

- A Stratus
- B Cumulus
- C Nimbostratus
- D Cumulonimbus

2.1.3 Die gebied by **B** staan as die ... bekend.

- A warm sektor
- B koue sektor
- C polêre front
- D apeks

2.1.4 Die tipe wolk by **C** is ...

- A stratus.
- B cirrus.
- C cumulonimbus.
- D nimbostratus.

2.1.5 Die gradiënt by **D** kan as ... beskryf word.

- A steil
- B geleidelik
- C swak
- D vertikaal

2.1.6 Die ... front word by **D** aangetref.

- A polêre
- B koue
- C okklusie-
- D warm

2.1.7 Die meer aktiewe en vinniger bewegende front is die ...

- A polêre front.
- B koue front.
- C warm front.
- D vogfront.

2.1.8 Die tipe reënval by **E** is ...

- A ligte buie.
- B frontale reën.
- C orografiese reën.
- D konveksie reën.

(8 x 1) (8)

2.2 Kies EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n term uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (2.2.1 tot 2.2.7) in jou ANTWOORDEBOEK neer, bv. 2.2.8 turbulente vloei.

watertafel; samevloeiing; riviermonding; dreineerbekken; rivieroorsprong; interfluviale rif; oppervlakafloop; grondwater
---

2.2.1 Punt waar die rivier in die see invloei

2.2.2 Water wat die grond geïnfiltreer het

2.2.3 Gebied wat deur 'n hoofstroom en sy sytakke gedreineer word

2.2.4 Punt waar 'n rivier ontstaan

2.2.5 Die boonste vlak van die versadigde sone

2.2.6 Water wat oor die oppervlak vloei nadat dit gereën het

2.2.7 Punt waar 'n sytak en die hoofstroom bymekaarkom

(7 x 1) (7)

- 2.3 Bestudeer FIGUUR 2.3 wat 'n sinoptiese weerkaart toon.
- 2.3.1 Wat word die lyne wat lugdruk op die kaart voorstel, genoem? (1 x 1) (1)
- 2.3.2 Gee TWEE sigbare bewyse dat die seisoen wat uitgebeeld word, somer is. (2 x 1) (2)
- 2.3.3 Noem die algemene beweging van lugdruksel **A**. (1 x 1) (1)
- 2.3.4 Verwys na lugdruksel **B**.
- (a) Noem hierdie lugdruksel. (1 x 1) (1)
- (b) Verduidelik hoe lugdruksel **B** die somerreënvalpatrone oor die binneland van Suid-Afrika beïnvloed. (2 x 2) (4)
- 2.3.5 Verwys na die weerstasiemodel by **C**.
- (a) Gee bewyse van weerstasiemodel **C** wat aandui dat die moontlikheid op reën skraal is. (1 x 2) (2)
- (b) Gee rekenskap vir die lugtemperatuur en windrigting wat by weerstasie **C** aangeteken is. (2 x 2) (4)
- 2.4 Verwys na FIGUUR 2.4 wat op die verskille tussen landelike en stedelike klimate gebaseer is.
- 2.4.1 Sal **A** of **B** oor die algemeen laer windsnelhede ervaar? (1 x 1) (1)
- 2.4.2 Watter bewys in die foto toon dat **A** hoër verdampingtempo's as **B** ervaar? (1 x 2) (2)
- 2.4.3 Waarom kry **B** meer gereeld reën as **A**? (1 x 2) (2)
- 2.4.4 Verduidelik hoe die geometriese vorm van die geboue in die stad groter absorbering van hitte veroorsaak. (1 x 2) (2)
- 2.4.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, bespreek hoe kunsmatige oppervlakke en stedelike aktiwiteite tot hoër temperatuurlesings by **B** bydra. (4 x 2) (8)

- 2.5 Verwys na FIGUUR 2.5 wat rivierprofiel toon.
- 2.5.1 Definieer die term *lengteprofiel*. (1 x 1) (1)
- 2.5.2 Beskryf die vorm van lengteprofiel **A**. (1 x 2) (2)
- 2.5.3 Identifiseer 'n uiteindelijke (permanente) en 'n tydelike basisvlak van erosie in die diagram. (2 x 1) (2)
- 2.5.4 Hoe sal die afsetting van sediment die kapasiteit van die dam beïnvloed? (1 x 2) (2)
- 2.5.5 Beskryf die verskil in gradering tussen die nuwe lengteprofiel en die oorspronklike lengteprofiel. (2 x 2) (4)
- 2.5.6 Verduidelik die impak van die teenwoordigheid van die dam op die erosie- en afsettingsprosesse. (2 x 2) (4)
- 2.6 Bestudeer FIGUUR 2.6 wat op die fluviale landvorme in die benedeloop van die rivier gebaseer is.
- 2.6.1 Noem fluviale verskynsel **A**. (1 x 1) (1)
- 2.6.2 Gee 'n rede vir die vorming van verskynsel **A**. (1 x 2) (2)
- 2.6.3 Verduidelik waarom die stootoewer by **B** steil is. (1 x 2) (2)
- 2.6.4 Verskynsel **C** is 'n natuurlike oewerwal (leveé). Waarom word hierdie fluviale landvorm algemeen in die benedeloop van 'n rivier aangetref? (1 x 2) (2)
- 2.6.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik die positiewe en negatiewe impak van oewerwalle (leveés) op boerdery op die vloedvlakte. (4 x 2) (8)
- [75]**

**AFDELING B: LANDELIK EN STEDELIKE NEDERSETTINGS EN SUID-AFRIKAANSE EKONOMIESE GEOGRAFIE**

**VRAAG 3**

- 3.1 Kies 'n term uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A-I) langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.8) in jou ANTWOORDEBOEK neer, bv. 3.1.9 J.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	Rangskikking van stedelike nedersettings vanaf kleinste na grootste	A	invloedsfeer
		B	hoë-orde-goedere
3.1.2	Nedersetting wat goedere en dienste aan die omliggende landelike bevolking verskaf	C	stedelike hiërargie
		D	lae-orde-goedere
3.1.3	Gebied waarvandaan stedelike nedersettings hulle kliënte trek	E	sentrale plek
		F	lae-orde-sentrums
3.1.4	Minimum getal kliënte wat 'n besigheid nodig het om winsgewend te wees	G	hoë-orde-sentrums
		H	drempelbevolking
3.1.5	Die maksimum afstand wat mense reis om goedere en dienste te koop	I	reikwydte
3.1.6	Tipe goedere wat dikwels gekoop word		
3.1.7	Min dienste en funksies is beskikbaar		
3.1.8	Goedere en dienste wat nie gereeld gekoop word nie		

(8 x 1)

(8)

- 3.2 Verwys na ekonomiese sektore. Pas die stellings hieronder by die primêre, sekondêre of tersiêre ekonomiese sektore. Skryf slegs die sektor langs die vraagnommers (3.2.1 tot 3.2.7) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 3.2.1 Mynbou is 'n voorbeeld van hierdie ekonomiese sektor
- 3.2.2 Hierdie sektor het te doen met die lewering van dienste
- 3.2.3 Die ontginning van grondstowwe uit die Aarde se oppervlak
- 3.2.4 Het te doen met die verwerking van grondstowwe
- 3.2.5 Die verskaffing van elektrisiteit is 'n voorbeeld van hierdie sektor
- 3.2.6 Die vervaardiging van tekstiele, skoene en klerasie
- 3.2.7 Lewer die kleinste bydrae tot die BBP van Suid-Afrika (7 x 1) (7)
- 3.3 Lees die uittreksel uit die Staatsrede ('SONA') in FIGUUR 3.3 oor landelike nedersettingskwessies: grondhervorming.
- 3.3.1 Wat is *grondhervorming*? (1 x 1) (1)
- 3.3.2 Verwys na grondhervormingsbeleid.
- (a) Noem TWEE grondhervormingsprogramme waarna in die uittreksel verwys word. (2 x 1) (2)
- (b) Verduidelik die verskil tussen die grondhervormingsprogramme wat in VRAAG 3.3.2(a) genoem is. (2 x 2) (4)
- 3.3.3 Gee TWEE oplossings in die uittreksel wat na die sukses van grondhervorming vir ontluikende (opkomende) boere verwys. (2 x 1) (2)
- 3.3.4 Hoe sal die 'onteiening van grond sonder vergoeding' help om die grondhervormingsproses te bespoedig? (1 x 2) (2)
- 3.3.5 Bespreek hoe die implementering van grondhervorming Suid-Afrika se landbouproduksie kan affekteer. (2 x 2) (4)

- 3.4 FIGUUR 3.4 is op verstedeliking gebaseer.
- 3.4.1 Onderskei tussen die terme *verstedeliking* en *stedelike uitbreiding*. (2 x 1) (2)
- 3.4.2 Noem die verstedelikingstendens vanaf 1970 tot 2020. (1 x 1) (1)
- 3.4.3 Waarom lei verstedeliking tot stedelike uitbreiding? (2 x 2) (4)
- 3.4.4 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, gee rekenskap van die stedelike probleme wat as gevolg van vinnige verstedeliking in stede in ontwikkelende lande ontstaan. (4 x 2) (8)
- 3.5 Verwys na die spotprent in FIGUUR 3.5 wat op die belangrikheid van voedselsekerheid gebaseer is.
- 3.5.1 Wat is *voedselsekerheid*? (1 x 1) (1)
- 3.5.2 Waarom pas die gebruik van die woorde 'goeie nuus' nie by die boodskap van die spotprent nie? (1 x 2) (2)
- 3.5.3 Selfs al was daar voedselsekerheid, waarom sou dit nie die mense in die spotprent gehelp het nie? (2 x 2) (4)
- 3.5.4 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, bespreek maniere om voedselsekerheid in Suid-Afrika te verbeter. (4 x 2) (8)
- 3.6 FIGUUR 3.6 is gebaseer op strategieë vir industriële ontwikkeling: Richardsbaai.
- 3.6.1 In watter provinsie is Richardsbaai geleë? (1 x 1) (1)
- 3.6.2 Gee TWEE voorbeelde van industrieë in Richardsbaai wat op die kaart getoon word. (2 x 1) (2)
- 3.6.3 Waarom is hierdie gebied 'n toonaangewende vervaardiger van swaar masjinerie? (2 x 2) (4)
- 3.6.4 Hoe sal industriële ontwikkeling in Richardsbaai die plaaslike gemeenskap bevoordeel? (2 x 2) (4)
- 3.6.5 Verduidelik waarom Richardsbaai se infrastruktuur aantreklik vir beide plaaslike en internasionale beleggers kan wees. (2 x 2) (4)
- [75]**

**VRAAG 4**

4.1 Verwys na FIGUUR 4.1 wat landelike en stedelike nedersettings toon. Pas die stellings hieronder by nedersettingstipe (**A** of **B**). Skryf slegs die letter langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.7) in die ANTWOORDEBOEK neer.

4.1.1 Nedersetting wat met sekondêre en tersiêre aktiwiteite geassosieer word

4.1.2 Primêre aktiwiteite domineer in hierdie nedersetting

4.1.3 Staas as 'n enkelfunksionele nedersetting bekend

4.1.4 Hierdie nedersetting bied veelvuldige funksies

4.1.5 Hierdie nedersetting het altyd 'n kernpatroon

4.1.6 'n Voorbeeld van so 'n nedersetting is 'n stad

4.1.7 Die kleinste nedersetting staas as 'n plaasopstal bekend. (7 x 1) (7)

4.2 Kies 'n term in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommers (4.2.1 tot 4.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 4.2.9 J

KOLOM A		KOLOM B	
4.2.1	Uitruil van goedere en dienste tussen lande	A	vervoernetwerk
4.2.2	Inkomste wat 'n land deur uitvoere genereer	B	formeel
4.2.3	Fasiliteer die beweging van mense, goedere en inligting vanaf een plek na 'n volgende	C	tuismerk
4.2.4	Verwys na goedere wat in 'n land ingebring word	D	handel
4.2.5	Wettig geregistreerde besighede	E	veredeling
4.2.6	Staan ook as die binnelandse mark bekend	F	BBP
4.2.7	Totale waarde van goedere en dienste wat per jaar deur 'n land geproduseer word	G	buitelandse valuta
4.2.8	Waarde wat deur verwerking by 'n grondstof gevoeg word	H	BNP
		I	invoere

(8 x 1) (8)

- 4.3 FIGUUR 4.3 is 'n stedelike profiel wat die verhouding tussen grondgebruiksone en gebouedigheid toon.
- 4.3.1 Verwys na grondgebruiksone **A**.
- (a) Noem die grondgebruiksone. (1 x 1) (1)
  - (b) Noem TWEE kenmerke van grondgebruiksone **A**. (2 x 1) (2)
  - (c) Waarom is hierdie grondgebruiksone ideaal vir die ligging van ligte nywerhede? (1 x 2) (2)
  - (d) Stel EEN rede vir grondgebruiksone **A** se hoë grondwaardes voor. (1 x 2) (2)
- 4.3.2 Gee TWEE bewyse wat voorstel dat grondgebruiksone **B** 'n hoë-inkomste residensiële sone is. (2 x 2) (4)
- 4.3.3 Verduidelik waarom grondgebruiksone **B** en **C** nie versoenbaar is nie. (2 x 2) (4)
- 4.4 Bestudeer FIGUUR 4.4 wat op 'n informele nedersetting en gepaardgaande kwessies gebaseer is.
- 4.4.1 Definieer die term *informele nedersetting*. (1 x 1) (1)
  - 4.4.2 Volgens die koerantartikel, waarom is daar 'n verhoogde risiko van brande in informele nedersettings? (2 x 1) (2)
  - 4.4.3 Waarom vermeerder die voorkoms van verwoestende brande in informele nedersettings in die winter? (2 x 2) (4)
  - 4.4.4 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik hoe die plaaslike munisipaliteit brandgevaar vir mense wat in informele nedersettings woon, kan verminder. (4 x 2) (8)

4.5	Verwys na FIGUUR 4.5, die infografika van Suid-Afrika se nywerheidstreke: Port Elizabeth (Nelson Mandela-metropool).		
4.5.1	In watter provinsie in die Port Elizabeth-Uitenhage-nywerheidstreek geleë?	(1 x 1)	(1)
4.5.2	Noem die hoofnywerheid in hierdie streek.	(1 x 1)	(1)
4.5.3	Gee TWEE fisiese (natuurlike) faktore in die infografika wat tot sy groei as 'n nywerheidstreek bygedra het.	(2 x 1)	(2)
4.5.4	Waarom is die groot bevolking voordelig vir die Port Elizabeth-Uitenhage-streek?	(1 x 2)	(2)
4.5.5	Verduidelik hoe die nywerheid in VRAAG 4.5.2 tot die ekonomiese groei van hierdie streek bydra het.	(2 x 2)	(4)
4.5.6	Bespreek TWEE uitdagings wat deur nywerhede in die Port Elizabeth-Uitenhage-streek ervaar word, in vergelyking met nywerhede in die PWV-streek.	(2 x 2)	(4)
4.6	Verwys na FIGUUR 4.6 is 'n spotprent wat op die informele sektor gebaseer is.		
4.6.1	Definieer die term <i>informele sektor</i> .	(1 x 1)	(1)
4.6.2	Watter bewys in die spotprent dui aan dat die minister nie ten gunste van die informele sektor is nie?	(1 x 1)	(1)
4.6.3	Stel 'n moontlike rede voor waarom die minister nie wil hê dat informele straatverkope moet plaasvind nie.	(1 x 2)	(2)
4.6.4	Gee TWEE redes waarom die informele sektor vir die informele handelaar belangrik is.	(2 x 2)	(4)
4.6.5	In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, bespreek redes vir die groei van die informele sektor in Suid-Afrika.	(4 x 2)	(8)
			<b>[75]</b>
		<b>TOTAAL:</b>	<b>225</b>



# basic education

---

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**


**GEOGRAFIE V1**

**NOVEMBER 2019**


**BYLAE**

**Hierdie bylae bestaan uit 10 bladsye.**

**FIGUUR 1.3: GEVALLESTUDIE VAN 'N TROPIESE SIKLOON WAT ONLANGS 'N INVLOED OP SUIDELIKE AFRIKA GEHAD HET**




**FIGUUR 1.4: SUID-AFRIKAANSE BERGWINDE**




[Bron: Eksaminator se eie skets]

**FIGUUR 1.5: STROOMROOF**




[Aangepas uit <http://www.researchgate.net>]

**FIGUUR 1.6: OPVANGS- EN RIVIERBESTUUR**




[Bron: <https://openoregon.pressbooks.pub/envirobiology/chapter/7-3-water-pollution/>]

**FIGUUR 2.1: MIDDELBREEDTE-SIKLONE – STADIUMS VAN ONTWIKKELING EN GEPAARDGAANDE WEER**




[Aangepas uit <http://www.met.reading.ac.uk/~sgs02rpa/CONTED/WEATHER04>]

**FIGUUR 2.3: LEES EN INTERPRETASIE VAN SINOPTIESE WEERKAARTE**




[Aangepas uit <http://www.koolasun.co.za/weather/sa-weather-chart.html>]

**FIGUUR 2.4: VERSKILLE TUSSEN LANDELIKE EN STEDELIKE KLIMATE**




[Aangepas uit [www.slideshare.net/Nandini1810/difference-of-climate-conditions-between-urban-and-rural](http://www.slideshare.net/Nandini1810/difference-of-climate-conditions-between-urban-and-rural)]

**FIGUUR 2.5: RIVIERPROFIELE**



[Bron: Eksaminator se eie skets]

**FIGUUR 2.6: FLUVIALE LANDVORME**

[Aangepas uit <https://www.google.com/search?q=cartoons+on+fluvial+landforms&tbnm>]

**FIGUUR 3.3: LANDELIKE NEDERSETTINGSKWESSIES: GRONDHERVORMING  
STAATSBEGHEERDE 'GRONDPAKKETTE' VIR ONTEIENING  
GEÏDENTIFISEER – RAMAPHOSA**


President Cyril Ramaphosa het gesê dat staatsbeheerde 'grondpakkette', vir die doel van \*onteiening sonder vergoeding, geïdentifiseer is. Ramaphosa het sy 2019-Staatsrede ('SONA') in Februarie 2019 gelewer. 'n Raadgewende paneel van kundiges is ingestel om die regering oor sy grondhervormingsprogram te adviseer. 'As deel van die versnelling van grondhervorming, het ons grondpakkette wat deur die staat besit word vir herverdeling geïdentifiseer,' het President Ramaphosa gesê.

Met betrekking tot 'n landbou-stimuleringspakket, het Ramaphosa genoem dat die regering baie in omvattende ontwikkelingsteun vir boere belê het, om te verseker dat restitusie- en gemeenskapsgrond produktief gebruik word. Die regering sal voortgaan om aandag aan geteikende vaardigheidsontwikkeling en kapasiteituitbouingprogramme vir ontlukende boere te verskaf.

\*Onteiening die handeling van 'n regering om eiendom wat privaat besit word, te neem, wat oënskynlik vir die doel word om die algemene publiek te bevoordeel.

[Aangepas en vry vertaal uit die Staatsrede uit <https://www.news24.com/SouthAfrica/News/state-owned-land-parcels-identified-for-expropriation-ramaphosa-20190207>]

**FIGUUR 3.4: VERSTEDELIKING**




[Bron: <https://www.google.co.za/search?q=urban+expansion+south+africa&tbm=isch&tbs=rimg:CeZl>]

**FIGUUR 3.5: DIE BELANGRIKHEID VAN VOEDSELSEKERHEID**




[Bron: <https://www.google.com/url?sa=i&source=images&cdwww.pinterest.com>]

**FIGUUR 3.6: STRATEGIEË VIR INDUSTRIËLE ONTWIKKELING: RICHARDSBAAI**




[Aangepas uit <https://www.google.com/search?q=Richards+Bay+industrial+area>]

**FIGUUR 4.1: LANDELIK EN STEDELIKE NEDERSETTINGS**



[Bron: <https://www.google.co.za/search?q=rural+settlements+in+south+africa&tbm=isch&tbs>  
<https://www.google.co.za/search?tbm=isch&q=urban+settlements+in+south+africa&chips>]

### FIGUUR 4.3: DIE VERHOUDING TUSSEN STEDELIKE GRONDGEBUIKSONES EN DIGTHEID VAN GEBOUE



[Aangepas uit [search?q=urban+land+use+zones&tbn=isch&tbs=rimq](https://www.google.com/search?q=urban+land+use+zones&tbn=isch&tbs=rimq)]

### FIGUUR 4.4: INFORMELE NEDERSETTINGS EN GEPAARDGAANDE KWESSIES


**Durban** – Die meeste van die belangrikste brande waaraan die eThekweni-brandweer onlangs aandag geskenk was, was in informele nedersettings. In Julie is 300 plakkershutte in die Kennedy Road Informele Nedersetting in vlamme gehul en het die lewe van Thembinkosi Mncwango geëis.

Dit is veral in die winter dat jy op jou hoede moet wees, aangesien daar 'n toename van brande is.


Dit het brandbestryders 10 ure geneem om die brand, wat vinnig in die informele nedersetting versprei het, te blus. In Mei is kinders tussen die ouderdomme van 4 en 7 jaar in hulle slaap doodgebrand toe hulle plakkershut in Verulam aan die brand geslaan het. Dit bly steeds 'n risiko vir bestaande nedersettings as gevolg van die boumateriaal wat gebruik word, die spasiëring tussen die hutte, uitdagings ten opsigte van toeganklikheid tydens noodgevallen en menslike gedrag, om net 'n paar te noem.

[Aangepas en Vry vertaal uit <https://www.iol.co.za/dailynews/news/worst-blazes-in-citys-informal-settlements-18631790>]

**FIGUUR 4.5: SUID-AFRIKA SE NYWERHEIDSTREKE:  
PORT ELIZABETH-UITENHAGE (NELSON MANDELA-METROPOOL)**



**FIGUUR 4.6: DIE INFORMELE SEKTOR**



[Aangepas uit <https://www.google.com/search?tbm=isch&sa=street+trading+cartoons&oq>]



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NATIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**GEOGRAFIE V1**

**NOVEMBER 2019**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 225**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 26 bladsye.**

## Marking Guidelines

The following marking guidelines have been developed to standardise marking in all provinces.

### Marking

- ALL selected questions MUST be marked, irrespective of whether it is correct or incorrect
- Candidates are expected to make a choice of THREE questions to answer. If all questions are answered, ONLY the first three questions are marked.
- A clear, neat tick must be used: ✓
  - If ONE mark is allocated, ONE tick must be used: ✓
  - If TWO marks are allocated, TWO ticks must be used: ✓✓
  - The tick must be placed at the FACT that a mark is being allocated for
  - Ticks must be kept SMALL, as various layers of moderation may take place
- Incorrect answers must be marked with a clear, neat cross: ✕
  - Use MORE than one cross across a paragraph/discussion style questions to indicate that all facts have been considered
  - Do NOT draw a line through an incorrect answer
  - Do NOT underline the incorrect facts
- Where the maximum marks have been allocated in the first few sentences of a paragraph, place an **M** over the remainder of the text to indicate the maximum marks have been achieved

For the following action words, ONE word answers are acceptable: **give, list, name, state, identify**

For the following action words, a FULL sentence must be written: **describe, explain, evaluate, analyse, suggest, differentiate, distinguish, define, discuss, why, how**

The following action words need to be read within its context to determine whether a ONE word answer or FULL sentence is required: **provide, what, tabulate**

### Totalling and transferring of marks

- Each sub-question must be totalled
  - Each question has six sub-sections, therefore six sub-totals per question required
  - Sub-section totals to be written in right hand margin at the end of the sub-section and underlined
  - Sub-total must be written legibly
  - Leave room to write in moderated marks on different levels
- Total sub-totals and transfer total to top left hand margin next to question number
- Transfer total to cover of answer book

### Moderation

Marking on each level of moderation is done in the same way as the initial marking. All guidelines for marking must be adhered to.


If a mark for a sub-question is changed after moderation, the moderator must strike through the marker's mark and write down the new mark. ~~12~~ 16

The total for the question must be re-calculated, and similarly be struck off and the new total to be written down.

6 3

3 **QUESTION 1**

- 1.1.1 A (South Atlantic High) (1) ✓
- 1.1.2 B (Kalahari High) (1) ✓
- 1.1.3 B (South Indian) (1) ✗ 2
  
- 1.2.1 Melting snow ✓
- 1.2.2 Mouth ✗
- 1.2.3 Third order ✓ 2
  
- 1.3.1 Katabatic ✗
- 1.3.2 1 occurs during the day while 2 occurs at night ✓✓
- 1.3.3 Cold air rolls down into the valley and forms an inversion ✓✓



- 1.4.1 Shape of front concave ✗  
Steep gradient of front ✓
- 1.4.2 Warm air undercuts the cold air ✗
- 1.4.3 Air behind the cold front is colder than the air in front. Cold air moves faster than warm air ahead of it. Cold front catches up with the warm front. ✓✓ 7
  
- 1.5.1 (a) A river that only flows all year round ✗  
(b) The river channel is wide ✗  
(c) Regularity of rainfall and the soil type over which the streams flow. ✓✓ 4
  
- 1.6.1 Gauteng and the Eastern Cape ✗
- 1.6.2 Mining waste dumped in the river and industries pollute the water. ✓
- 1.6.3 The cost of food production will increase as it is costly to buy purified water. Farmers will have to buy more chemicals to purify water. Chemicals cost a lot and this will increase production costs. It will be costly to purify water for use in electricity generation. These costs will be included in electricity prices. Costs will increase the price of electricity during production. There will be less clean water to generate hydro-electricity. 11

**AFDELING A: KLIMAAT, WEER EN GEOMORFOLOGIE****VRAAG 1**

- 1.1 1.1.1 termiese gordel (1)
- 1.1.2 rookmis (1)
- 1.1.3 aspek (1)
- 1.1.4 stralingsmis (1)
- 1.1.5 ryp (1)
- 1.1.6 katabatiese (1)
- 1.1.7 anabatiese (1) (7 x 1) (7)
- 1.2 1.2.1 C (1)
- 1.2.2 A (1)
- 1.2.3 C (1)
- 1.2.4 B (1)
- 1.2.5 C (1)
- 1.2.6 D (1)
- 1.2.7 C (1)
- 1.2.8 A (1) (8 x 1) (8)

- 1.3 1.3.1 'n kategorie 3 orkaan (1) (1 x 1) (1)
- 1.3.2 Seetemperature van 26,5°C en hoër (1)  
 Onstabiele atmosferiese toestande (1)  
 Ontstaan tussen 5° en 25° noord en suid (1)  
 Corioliskrag (1)  
 Kalm toestande (ligte veranderlike winde) oor die oseaan oppervlakte (1)  
 Min oppervlak wrywing (1)  
 Oppervlak lug konvergensie (1)  
 Ekstensiewe bo-lug divergensie van opstygende winde (1)  
 Vinnige, grootskaalse verdamping van vog oor die oseaan/Hoë vogtigheid (1)  
 Vrystelling van latente hitte (1)  
**[ENIGE EEN]** (1 x 1) (1)
- 1.3.3 120 (km/h) (1)  
 (Aanvaar 120km/h tot 149km/h) (1 x 1) (1)
- 1.3.4 Drukgradiënt verminder wanneer jy weg vanaf die oog beweeg (2)  
 Isobare is verder vanaf mekaar soos jy verder vanaf die oog beweeg (2)  
 Die trek van die vorteks verminder (2)  
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)
- 1.3.5 Sirkulasie en vorentoe beweging is in dieselfde rigting (2)  
 Intensiewe winde in die sikloon kombineer met die krag waarmee die hele sikloon vorentoe/weswaarts binne die linker voorste kwadrant inbeweeg (2)  
 Windvlae ('n skielike verandering in windrigting) in die laer hoogtes intensifiseer hierdie kwadrant (2)  
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)
- 1.3.6 Stormdeinings as gevolg van sterk winde veroorsaak oorstromings (2)  
 Skade aan eiendom as gevolg van oorstromings/sterk winde (2)  
 Verlies aan lewens (2)  
 Dit veroorsaak beserings by mense/diere (2)  
 Dit sal kuserosie veroorsaak (2)  
 Verwoesting van infrastruktuur (aanvaar voorbeelde) (2)  
 Ekosisteme word onderbreek (2)  
 Verlies aan biodiversiteit (2)  
 Negatiewe impak op toerisme/Buite aktiwiteite (2)  
 Negatiewe impak op die visbedryf (2)  
 Verlies aan landbou produksie/Voedselonsekerheid (2)  
 Dit is duur om skade te herstel/medies en versekering eise (2)  
 Besmetting van water/Watersiektes (2)  
 Aestetiese mooiheid van die kusgebied word verwoes (2)

- 1.4 1.4.1 **[ENIGE VIJF]** (4 x 2) (8)  
Winter (1) (1 x 1) (1)
- 1.4.2 Die teenwoordigheid van die Kalahari/Kontinentale hoogdruk (1)  
Laer temperature (14°C) oor die binneland (1)  
Beweging van lug vanaf die Kalahari hoog na die kus (1)  
Aflandige winde se oorsprong is vanaf die Kalahari hoogdruk (1)  
**[Warm aflandige winde moet nie aanvaar word nie]**  
**[ENIGE TWEE]** (2 x 1) (2)
- 1.4.3 (a) Soos lug daal, vind verdamping plaas (2)  
Baie min vog word vanaf die binneland gedra (2)  
Hulle oorsprong is oor land (binneland) (2)  
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)
- (b) Lug verhit (adiabaties) soos dit daal (2)  
Die lugtemperatuur styg met 1°C/100m soos dit daal (2)  
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)
- (c) Verorsaak 'n vinnige/sterk toename in die windspoed (2)  
Sal veroorsaak dat lug vinniger verhit (2)
- 1.4.4 Bergwinde verdor die plantegroei, wat veroorsaak dat die plante vlambaar raak (2)  
Daar is 'n moontlikheid dat brande oor 'n groot gebied kan versprei en verwoesting veroorsaak bv. huise brand uit (2)  
Die uitbreek van brande kan mense beseer, bv. brandwonde en die inasem van rook/asemhalingsprobleme (2)  
Hoë temperature kan veroorsaak dat kwesbare mense soos kinders en bejaardes dehidreer (2)  
Sigbaarheid van motoriste word affekteer en kan ongelukke veroorsaak (2)  
Alle noodpersoneel is nodig vir ontruimings doeleindes (2)  
**[Kandidate kan nooddienste tot bogenoemde verbind]**  
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

- 1.5 1.5.1 Wanneer een rivier die hoofwaters van 'n ander rivier roof/onderskep/  
Wanneer 'n meer energieke rivier, 'n minder energieke rivier roof (1)  
Die stroom wat op 'n laer vlak vloei roof/onderskep die water van 'n stroom  
wat op 'n hoër vlak vloei (1)  
**[KONSEP]** (1 x 1) (1)
- 1.5.2 Hoofwaartse/Terugwaartse erosie (1)  
Erodeer stroomop (vanaf sy oorsprong) (1)  
**[ENIGE EEN]** (1 x 1) (1)
- 1.5.3 L – roofelmbaog (1)  
M – windsaal (1) (2 x 1) (2)
- 1.5.4 J – verarmde stroom (1)  
K – rowerstroom (1) (2 x 1) (2)
- 1.5.5 (a) Dit is 'n hoogliggende gebied wat twee verskillende  
dreineringsbekkens skei (1)  
**[KONSEP]** (1 x 1) (1)
- (b) Verlaging (vertikaal) van die waterskeiding (2)  
Terugwaartse beweging/Beweeg horisontaal terug (2)  
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)
- (c) Dit sal die volume van die water in die stroom vermeerder (2)  
(1 x 2) (2)
- 1.5.6 Hulle sal ander waterbronne moet verkry (bv. JoJo tenke) (2)  
Oes reënwater (2)  
Die vervoer van water uit ander gebiede (2)  
Maak gebruik van windpompe/boorgate om grondwater te bekom (2)  
Bou (plaas/klein) damme (2)  
Hersirkulering/suiwering van water (2)  
Verminder die aantal diere op plase (2)  
Hulle sal die verskeidenheid van gewasse op plase moet verminder (2)  
Verlaag die produksie van gewasse op plase (2)  
Verander na gewasse wat minder water benodig (2)  
Die gebruik van GM/droogtebestand sade (2)  
Verhoog die gebruik van besmettingstowwe op boerderygrond (2)  
Meer intensiewe besproeiing (2)  
Gebruik van kanale en vore vir besproeiing (aanvaar voorbeelde) (2)  
Meer effektiewe metodes van besproeiing (bv. drup besproeiing in plaas van  
die sproei-sisteem) (2)  
Gebruik sproeibemesting (sluit kunsmis in) met drup besproeiing  
prosesse (2)

Verwyder uitheemse plantegroei (2)

Kweekhuisboerdery (2)

Gebruik van dekgewasse om verdamping te verminder (2)

Gebruik water wyser en spaarsamiger in huishoudings (2)

**[ENIGE TWEE]**

(2 x 2) (4)

1.6 1.6.1 Industrieë (1)

(1 x 1) (1)

1.6.2 Tekort aan natuurlike plantegroei vermeerder die afloop. (2)

(1 x 2) (2)

1.6.3 **NEDERSETTING**

Onbehandelde riool vanaf nedersettings eindig in die rivier en besoedel die water wat verder siektes veroorsaak (2)

Huishoudelike water word in dreineringsstelsels vrygelaat wat die waterkwaliteit verlaag (2)

Gryswater (stof,olie vanaf paaie) besoedel die riviersisteen (2)

**[ENIGE EEN]**

**BEWERKTE GROND**

Bemestingstowwe wat op plase gebruik word, beland in die rivier en veroorsaak eutrofikasie (2)

Insekdoders wat vir gewasse gebruik word, beland in die rivier en besoedel die water (2)

Gronderosie maak die water donker (2)

**[ENIGE EEN]**

**[MOET NA BEIDE NEDERSETTING EN BEWERKTE GROND VERWYS]**

(2 x 2) (4)

1.6.4 **VOLHOUBARE RIVERBESTUUR**

Toegang tot skoon vars water vir toekomstige generasies (2)

Suid-Afrika is 'n waterskaars land (lae onbetroubare reënval) (2)

Beter kwaliteit gewasse sal geproduseer word met hoër opbrengste (2)

Meeste industrieë benodig goeie watertoevoer om meer produktief te fungeer

(2)

Water is nodig vir die produksie van produkte soos koeldrank, lekkers, blikkieskos (2)

Verhoogde uitvoere as gevolg van meer winste vanuit gewasse (2)

Gesonder vleisprodukte met 'n beter monetêre waarde sal geproduseer word (2)

Riviere is 'n goedkoper metode van massa-vervoer (2)

Goeie rivierbestuur bevorder ekotoerisme/toerisme/ontspanning (2)

Goeie waterkwaliteit onderhou die toerisme industrie (2)

Onderhoud van riviere skep volhoubare werksgeleenthede (2)

Opwekking van hidro-elektrisiteit, wat 'n alternatiewe bron van energie is,

kan opgewek word (2)  
Verminderde suiwing kostes van drinkwater (2)  
Verminder watersiektes dus 'n gesonder werksmag (2)  
Verorsaak dat water meer bekostigbaar/goedkoper is (2)

**OF**

**ONVOLHOUBARE RIVIERBESTUUR**

Verhoog suiwingkoste van drinkwater (2)  
Verhoog watersiektes dus 'n ongesonde werksmag (2)  
Suurwater verhoor groei van plante (2)  
Besmette water hou 'n gesondheidsgevaar in (2)  
Besoedelde riviere sal die visbedryf affekteer (2)  
Besoedelde riviere kan oseane besmet (2)

**[KANDIDATE KAN NA BEIDE VOLHOUBARE OF ONVOLHOUBARE  
FAKTORE VERWYS MAAR EEN FAKTOR KAN NIE HERHAAL WORD  
NIE]**

**[ENIGE VIER]**

(4 x 2) (8)

**[75]**

**VRAAG 2**

- |     |       |   |             |
|-----|-------|---|-------------|
| 2.1 | 2.1.1 | C (1)   |             |
|     | 2.1.2 | C (1)   |             |
|     | 2.1.3 | A (1)   |             |
|     | 2.1.4 | C (1)   |             |
|     | 2.1.5 | A (1)   |             |
|     | 2.1.6 | B (1)   |             |
|     | 2.1.7 | B (1)   |             |
|     | 2.1.8 | B (1)   | (8 x 1) (8) |
| 2.2 | 2.2.1 | riviermonding (1)   |             |
|     | 2.2.2 | grondwater (1)  |             |
|     | 2.2.3 | dreineringsbekken (1)   |             |
|     | 2.2.4 | rivieroorsprong (1)   |             |
|     | 2.2.5 | watertafel (1)  |             |
|     | 2.2.6 | oppervlakafloop (1)   |             |
|     | 2.2.7 | samevloeiing (1)  | (7 x 1) (7) |
| 2.3 | 2.3.1 | Isobare (1)   | (1 x 1) (1) |
|     | 2.3.2 | Laagdruk oor die binneland (1)<br>Die datum is 28 Maart (1)<br>Teenwoordigheid van 'n tropiese sikloon (1)<br>Algemene hoë temperature oor die binneland (1)<br>Bewolkte toestande oor die binneland (1)<br>Posisie van die Suid-Atlantiese en Suid-Indiese hoogdruk is verder suid (1)<br>Wolklose toestande oor die Suidwes Kaap (1)<br>Die termiese laag het die Kalahari-hoog verplaas (1)<br><b>[ENIGE TWEE]</b> | (2 x 1) (2) |
|     | 2.3.3 | Langs die kus (1)<br>Suidooswaart, suidooswaarts tot ooswaarts (1)<br>Vanaf die weste tot die ooste langs die kus (1)<br><b>[ENIGE EEN]</b>   | (1 x 1) (1) |

- 2.3.4 (a) Hitte-/Termiese laag (1) (1 x 1) (1)
- (b) Die aardoppervlakte word intensief verhit en veroorsaak dat warm lug styg (2)  
Hoë verdampingtempo (2)  
Kondensasie veroorsaak digte wolkdekking/swaarreën/donderstorms (2)  
Digte wolkdekking veroorsaak swaar reën, donderstorms. (2)  
Dit trek koel, droë lug vanaf die westelike dele van die land en warm, vogtige lug vanaf die oostelike dele van die land na die binneland toe (2)  
Dit lei tot die vorming van die voggrens/Lyndononderstorms kom voor (2)  
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)
- 2.3.5 (a) Verspreide/min wolkdekking  $\frac{2}{8}$   $\frac{1}{4}$  aangedui (2)  
Lae temperature (2)  
Aflandige winde (2)  
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)
- (b) **LUGTEMPERATUUR**  
Antikloksgewyse beweging van lug vanaf die hoogdruk sel bring koeler lug landwaarts. (2)  
Suid-Atlantiese hoogdruk wig oor die land en voer koeler lug. (2)
- WINDRIGTING**  
Windrigting word beïnvloed deur die antikloksgewyse beweging van lug in 'n hoogdruk (2)  
**[BEIDE LUGTEMPERATUUR EN WINDRIGTING MOET GENOEM WORD]** (2 x 2) (4)
- 2.4 2.4.1 B (1) (1 x 1) (1)
- 2.4.2 Bewyse van wolkvorming (by A as by B) (2)  
Meer plantegroei veroorsaak meer evapo-transpirasie (by A as by B) (2)  
Verdamoing van water uit die grond (by A as by B) (2)  
Meer natuurlike oppervlakte (by A as by B) (2)  
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)
- 2.4.3 Daar is meer kondensasiekerne/higroskopiese kerne (by B as by A) (2)  
(1 x 2) (2)
- 2.4.4 Hoë geboue veroorsaak dat die sonstrale tussen die geboue gereflekteer en gedeflekteer word (veelvoudige refleksies) (2)  
'n Groot oppervlakte om die son se hitte te absorbeer (2)  
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)

**2.4.5 KUNSMATIGE OPPERVLAKTES**

Beton en metaal word in die konstruksie van die geboue gebruik dus word meer hitte behou (2)

Geteerde (donker oppervlaktes) paaie absorbeer meer hitte/Lae albedo (2)

Glas en spieël/venster oppervlaktes van moderne geboue lei tot veelvoudige refleksies van hitte en dit verhoog die temperature (2)

Hoër geboue het groter oppervlak areas wat verhit kan word (2)

Hitte word tussen hoë geboue vasgevang (2)

Die stormwater dreineringsisteme in stedelike gebiede veroorsaak minder verdamping, minder verkoeling en verhoog temperature (2)

**STEDELIKE AKTIWITEITE**

Stedelike gebiede het meer aktiwiteite wat hitte opwek soos restaurante (2)

Gebruik van toestelle soos stowe, luverkoelings, vrieskasse, ens. genereer hitte (2)

Nywerhede (ligte) wat meer hitte produseer (2)

Motors verhoog die produksie van besoedelingstowwe wat hitte absorbeer en vir langer behou (2)

Bou aktiwiteite soos konstruksie genereer hitte (2)

**[ENIGE VIER – MOET NA BEIDE KUNSMATIGE EN STEDELIKE AKTIWITEITE VERWYS]** (4 x 2) (8)

- 2.5 2.5.1 (Sy-aansig) van 'n rivier vanaf oorsprong tot monding (1) (1 x 1) (1)  
**[KONSEP]**
- 2.5.2 Dit het 'n konkawe helling. (2)  
Dit is steil in die boploop, minder steil in die middelloop en geleidelik in die benedeloop. (2)  
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)
- 2.5.3 Permanent – see (1)  
Tydelik – dam (1) (2 x 1) (2)
- 2.5.4 Dit sal die kapasiteit verlaag en die volume water verminder (2) (1 x 2) (2)
- 2.5.5 Oorspronklike lengteprofiel is gegraadeerd/konkaaf/ met geen tydelike erosiebasisse (2)  
Nuwe lengteprofiel is/het ongegradeerd/multikonkaaf/tydelike erosiebasisse (2)  
**[ENIGE EEN VERGELYKING]** (2 x 2) (4)

- 2.5.6 **EROSIE**  
 Meer erosie stroom-op van die dam asgevolg van groter watervolumes (2)  
 Erosie stop tydelik by die dam (2)  
 Tempo van erosie verminder stroom-af van die dam asgevolg van minder water (2)  
**[ENIGE EEN]**
- AFSETTING**  
 Neerlating van slik in die dam gee aanleiding tot minder neerlating stroom-af (2)  
 Die tempo van neerlating verhoog soos die spoed van die water stroom-af verminder (2)  
**[ENIGE EEN]**  
**[MOET NA BEIDE EROSIE EN AFSETTING VERWYS]** (2 x 2) (4)
- 2.6 2.6.1 Stootoewer/Buite-oewer (1)  
 Meanderloep (1)  
 (Aanvaar Meander/Kronkel) (1)  
**[ENIGE EEN]** (1 x 1) (1)
- 2.6.2 **STOOT-OEWER/BUITE-OEWER**  
 Vinniger vloeiende water by die buite-oewer (2)  
 Verhoogde erosie by die buite-oewer (2)
- MEANDER/MEANDERLOEP**  
 Die gradiënt meer geleidelik (2)  
 'n Afname in snelheid (2)  
 'n Toename in sywaartse erosie (2)  
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)
- 2.6.3 Konstante onderkelwing aan die stoot-oewer veroorsaak dat dit ineenstort (2)  
 Vinniger vloeiende water by die buite-oewer verwyder die geerodeerde materiaal (2)  
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)
- 2.6.4 (Herhaaldelike) oorstromings kom oor die algemeen in die benedeloop van die rivier voor, wat veroorsaak dat sedimente op die oewers neergelaat word (2)  
 In die benedeloop van die rivier is die gradiënt/helling meer geleidelik en neerlating vind plaas (2)  
**[ENIGE EEN]** (1 x 2)

**2.6.5 POSITIEF**

Dit verminder die gevaar van oorstromings van boerderygrond en verlies aan plaastoerusting (2)

Verminder direkte afloop in die rivier wat veroorsaak dat meer water vir boerdery op die vloedvlakte beskikbaar is (2)

Verhoogde oevers vermeerder die drakapasiteit van die rivier (2)

Meer water beskikbaar vir boerdery (2)

Verhoed die verlies and lewendehawe/plaasgrond dus is daar hoër winste (2)

Vrugbare grond op die levee bevorder boerdery (2)

**NEGATIEF**

Verminder die neerlating van sediment (alluvium) op boerdery grond (2)

Die grondvrugbaarheid op boerderygrond verminder (2)

Verminder die toegang tot water vir boere (2)

Vorm 'n hindernis vir sytakke wat by die hoofstroom wil aansluit wat veroorsaak dat daar minder water in die rivier beskikbaar is (2)

Besproeiing word meer moeiliker en duurder (2)

Swak dreinerings kan veroorsaak dat die vloedvlakte versuip en gewasse verrot

(2)

**[ENIGE VIER – KANDIDATE MOET NA BEIDE POSITIEWE EN  
NEGATIEWE IMPAKTE VERWYS]**

(4 x 2) (8)

**[75]**

**AFDELING B: LANDELIK EN STEDLIKE NEDERSETTINGS EN EKONOMIESE  
GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA****VRAAG 3**

- 3.1 3.1.1 C (1)
- 3.1.2 E (1)
- 3.1.3 A (1)
- 3.1.4 H (1)
- 3.1.5 I (1)
- 3.1.6 D (1)
- 3.1.7 F (1)
- 3.1.8 B (1) (8 x 1) (8)
- 3.2 3.2.1 primêr (1)
- 3.2.2 tersiêr (1)
- 3.2.3 primêr (1)
- 3.2.4 sekondêr (1)
- 3.2.5 tersiêr (1)
- 3.2.6 sekondêr (1)
- 3.2.7 primêr (1) (7 x 1) (7)

- 3.3 3.3.1 Regstelling van die ongelykhede van die verlede aangaande grondeienaarskap (1)  
[KONSEP] (1 x 1) (1)
- 3.3.2 (a) Grondherverdeling (1)  
Grondrestitusie (1) (2 x 1) (2)
- (b) Grondherverdeling is om staatbesette grond te herverdeel onder die voorheen benadeelde mense wat nie in aanmerking vir grondeise kom nie (2)  
Grondrestitusie verwys na die proses waarby mense wat vanaf hulle grond gedwing was as gevolg van apartheidswette kan nou hulle grond terug eis of finansiële vergoeding ontvang (2)  
[KONSEPTE] (2 x 2) (4)
- 3.3.3 Prioritiseer geteikende vaardigheid ontwikkeling (1)  
Kapasiteitbou programme (1) (2 x 1) (2)
- 3.3.4 Korter periode vir grond om beskikbaar te word (2)  
Geen duur uitgestrekte wetlike prosesse betrokke (2)  
Geen gewillige-koper gewillige-verkoper klousule (2)  
Grond is nou toegankliker en meer bekostigbaar (2)  
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)
- 3.3.5 **NEGATIEF:**  
Geallokeerde grond word nie produktief gebruik nie of word geensins bewerk nie (2)  
Herverdeling van grond mag nie ekonomiese groei stimuleer nie (2)  
Die beweging vanaf bestaansboerdery na kommersiële boerdery op geallokeerde grond, mag nie plaasgevind het nie. (2)  
Herverdeelde grond is aan mense gegee sonder enige kennis van landbou (2)  
Sommige ontvangers van restitusie mag nie terug na hul grond beweeg nie (2)  
Tekort aan ondersteuning deur die regering aangaande vaardigheid opleiding en finansies (2)  
Bestaansboerdery praktyke mag landbou uitset vermonder (2)  
Tekort aan boerdery vaardighede van nume boere mag landbou uitset verminder (2)  
Tekort aan kapitaal mag 'n verlaging van landbou uitset veroorsaak (2)  
Swak grondbestuur kan onvrugbare grond veroorsaak (2)  
Landbougrond mag nie korrek gebruik word nie of word vir ander doeleindes gebruik (2)  
Onsekerheid kan lei tot verwaarlosing van plase (2)  
Grond kan onderbenut word omdat boere nie kapitaal het om toerusting, ens. te koop nie (2)

Sommige kommersiële boere kan die boerdery laat vaar en ander sektore in die ekonomie binnegaan (2)

Nepotisme en korrupsie met betrekking tot die herverdeling van grond kan die landbouproduksie verlaag. (2)

**POSITIEF:**

Moedig meer kleinskaal boere aan om aan boerdery deel te neem (2)

Die produksie uit kleinskaal boere kan goedkoper wees in vergelyking met die grootskaalse boerdery (2)

As meer mense aan boerdery deelneem, sal dit voedselonsekerheid verminder

(2)

Gewasproduksie kan toeneem namate meer mense toegang tot landbougrond het (2)

Kleinskaal boerdery kan die koste van voedsel verlaag omdat dit kompetisie kan lewer (2)

Uitvoer vanuit kleinskaal boerdery kan buitelandse valuta verhoog (2)

Bestaansboere sal die geleentheid kry om kommersiële boere te word (2)

Meer mense sal op plase werksaam wees en dit sal die opbrengste verhoog

(2)

Kan landelike-stedelike migrasie teenwerk en mense in landelike gebiede op die plase laat werk (2)

**[ENIGE TWEE]**

(2 x 2) (4)

3.4 3.4.1 Verstedeliking is die proses waar die toenemende persentasie van die bevolking in stedelike gebiede woon (1)

Stedelike uitbreiding is die fisiese/ruimtelike groei van die stedelike gebied (1)

**[KONSEPTE]**

(2 x 1) (2)

3.4.2 Toename/opwaarts (1)

(37% tot 56%) (1)

**([ENIGE EEN])**

(1 x 1) (1)

3.4.3 Met meer mense wat die stad binnekom is daar groter aanvraag vir behuising (2)

Meer ruimte is nodig vir die groei van industrieë (2)

Meer ontspanninggebiede word nodig (2)

Meer dienste en fasiliteite word nodig (aanvaar voorbeelde van dienste) (2)

Groei van die infrastruktuur om die toenemende bevolking te akkommodeer (aanvaar voorbeelde van infrastruktuur) (2)

**[ENIGE TWEE]**

(2 x 2) (4)

**3.4.4 VERKEERSOPEENHOPINGS:**

Asgevolg van onvoldoende paaie / bane om voorsiening te maak vir die ekstra voertuie op die pad (2)

Daar sal meer voertuie op die pad wees as gevolg van groter bekostigbaarheid

(2)

Ondoeltreffende openbare vervoerstelsel (2)

Groter afstande tussen werkplek en huis (2)

**BEHUISINGSKORTE:**

Toename in landelike-stedelike migrasie verhoog stedelike bevolking (2)

Mense kan nie formele behuising bekostig nie (2)

Munisipaliteite kan nie die aanvraag na HOP-behuising hanteer nie (2)

**INFORMELE BEPLANNING:**

Toename in bevolkingsgetalle as gevolg van toestroming van migrante (2)

Mense kan nie formele huise bekostig nie (2)

**DIENSVERSKAFFING:**

Munisipaliteite kan nie byhou met die eise vir dienste nie, wat tot staking lei (2)

Onder personeel/tekort aan dienste lei tot lang rye, tyd vanaf werk wat produktiwiteit verlaag om bv. mediese dienste te ontvang (kan voorbeeld verduidelik) (2)

Kultuur van nie-betaling vir dienste wat lei tot munisipale tekorte (2)

Swak bestuur deur munisipaliteite (2)

**OORBEVOLKING:**

Te veel mense wat in 'n huis/woonstelle woon (2)

**GEBREK AAN BEPLANNING:**

Munisipaliteite het nie beplan vir die toestroming van mense in stedelike gebiede nie (2)

Munisipale begrotings het nie voorsiening gemaak vir die toestroming van mense na stedelike gebiede nie (2)

**STEDELIKE VERVAL:**

Geboue word nie onderhou deur verhuurders wat woonstelle verhuur nie (2)

Toevloei van mense in die stad veroorsaak oorbesetting in woonstelle (2)

Gebrek aan dienslewering deur munisipaliteite weens nie-betaling van dienste (2)

**BINNESTEDELIKE PROBLEME:**

Gebrek aan werk en armoede dwing mense tot misdaad (2)

Onvoldoende polisiëring (2)

Sosiale euwels bv. prostitusie, dwelmmisbruik, mensehandel, ens. (2)

Informeel handel dra by tot die haglike toestande in die middestad (2)

**\_[ENIGE VIER – NOEM VAN DIE PROBLEEM – GEEN PUNTE. KEN PUNTE TOE VIR DIE OORSAAK VAN DIE PROBLEEM]**  
(4 x 2) (8)

- 3.5 3.5.1 Wanneer 'n land beskik in die vermoë om toegang tot voedsame voedsel vir sy inwoners te verskaf (1)  
**[KONSEP]** (1 x 1) (1)
- 3.5.2 Voedselonsekerheid is geen goeie nuus nie omdat mense steeds nie toegang tot voedsame kos het nie (2)  
Mense soek nog steeds in vullisdromme na kos (2)  
Mense smeeek nog steeds op straat vir kos (2)  
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)
- 3.5.3 Mense is werkloos (bly op straat) en het nie 'n gereelde inkomste nie (2)  
Hulle sal nie die voedsel kan bekostig nie as gevolg van die hoë (2)  
Voedsel is nie bekostigbaar vir mense wat op straat woon nie (2)  
Voedsel is ontoeganklik vir mense op straat (2)  
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)
- 3.5.4 Gebruik geneties gemodifiseerde gewasse om hoër opbrengste te verseker (2)  
Verbeterde wetenskaplike boerderymetodes wat hoër opbrengste aanmoedig (2)  
Meer opleiding en vaardigheidsontwikkeling sal grootskaalse boerdery verhoog (2)  
Daar moet 'n groter verskeidenheid gewasse verbou word, aangesien Suid-Afrika 'n diverse klimaat het (2)  
Grondhervormingsprogramme sal grondeienaarskap aan meer boere oordra wat die produksie van gewasse sal verhoog (2)  
Volhoubare landbou sal landbougrond vir 'n lang tyd beskerm en sodoende meer voedselproduksie verseker (2)  
Die regering moet aansporings bied om kleinskaal boerdery te beskerm wat voedselproduksie sal verhoog (2)  
Vrye handel sal die invoer van voedsel makliker en meer toeganklik maak (2)  
Die plant van 'n verskeidenheid gewasse sal gronderosie voorkom en voldoende vrugbare grond verseker (2)  
Skep werksgeleenthede vir hul vaardigheidsbasis (2)  
Koshulpskemas kan mense 'n tydelike oplossing vir 'n tekort aan voedsel bied (2)  
Gemeenskaplike voedseltuine verhoog daaglikse toegang tot voedsel, sonder dat mense kos hoef te koop (2)

Omskakeling van bestaansboerdery na kommersiële boerdery (2)  
 Belê in navorsing om gewasse te verbeter en aan te pas by klimaatsverandering (2)  
 Reguleer voedselpriese om toeganklikheid te verseker (2)  
 Gebruik van organiese boerderypraktyke om grond te beskerm (2)  
 Bestuur van water en droogte/brei besproeiingskemas uit om volhoubare watervoorsiening te verseker (2)  
 Bevorder die groei van nywerhede om meer voedsel te verwerk (2)  
 Die vermindering van voedselvermorsing verseker dat daar meer voedsel beskikbaar is (2)  
 Streng wette om prysvasstelling te voorkom, sal armer mense toegang tot voedsel gee (2)  
 Voedselversterking - voedingstowwe word by basiese voedsel soos brood en mielies gevoeg om die voedingswaarde daarvan te verhoog (2)  
 Zerogradering (BTW-vrystelling) van meer basiese voedsel om toeganklikheid te verhoog (2)  
 Bêre surplusopbrengs sodat mense in die geval van 'n natuurramp toegang tot die surplusopbrengs wat gestoor is, het (2)

**[ENIGE VIER]** (4 x 2) (8)

3.6 3.6.1 KwaZulu-Natal (Aanvaar KZN) (1) (1 x 1) (1)

3.6.2 Bayside Aluminium (1)  
 Hillside Aluminium (1)  
 Richardsbaai Minerale (RBM) (1)  
 Mondi-papier (1)  
 IQF-bemestingstowwe (1)  
 Suikermeule (1)  
**[ENIGE TWEE]** (2 x 1) (2)

3.6.3 Baie smelterfabrieke in die omgewing (2)  
 Grondstowwe benodig vir die vervaardigingsbedryf is naby (2)  
 Beskikbaarheid van goedkoop elektrisiteit as gevolg van steenkoolvelde in die omgewing (2)  
 Beskikbaarheid van 'n werksmag (2)  
 Goed toegeruste hawe om groot hoeveelhede vervaardigde produkte uit te voer (2)  
 Goeie spoor- en padnetwerke na die PWV en Durban-Pinetown-streke (2)  
 Groot hoeveelhede beskikbare grond vir nywerhede (2)  
 Toegang tot 'n groot watertoevoer (2)  
 Aanvraag na swaar masjinerie deur plaaslike nywerhede (2)  
 Toeganklikheid tot internasionale markte (2)  
 Vragverbrekingpunt (2)  
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

3.6.4 Werkseleenthede in nywerhede, infrastruktuurontwikkeling geskep (2)  
 Verdieningspotensiaal neem toe (2)  
 Koopkrag van plaaslike inwoners neem toe / vermenigvuldiger-effek (2)  
 Armoede word verminder (2)  
 Toeganklikheid tot meer en beter dienste (aanvaar voorbeelde) (2)  
 Lewenstandaard verbeter (2)

Toegang tot beter infrastruktuur (aanvaar voorbeelde) (2)  
 Vaardighede verhoog (2)  
 Vierde- industriële rewolusievaardighede (tegnologie, rekenaar) (2)  
 Verbetering van innoverende idees (2)  
 Navorsing en entrepreneuriese ontwikkeling (kan voorbeelde gee van verskaffers, snoepwinkels, motorwagte, ens.) (2)  
 Beter kommunikasie tussen ondernemings en plaaslike tegnisi (2)  
 Programme vir sosiale verantwoordelikheid (bv. Studiebeurse)  
 Verskaf geleenthede vir die plaaslike gemeenskap om voorsiening te maak vir die toerismemark (2)  
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

3.6.5 Dit het 'n goed ontwikkelde vervoernetwerk - spoor, see en pad (2)  
 Minimum probleme met verkeersopeenhopings (2)  
 Goedkoper arbeidskoste aan buitewyke in vergelyking met kern industriële gebiede (2)  
 Gevestigde diep hawe sal handel (uitvoer en invoer) vergemaklik (2)  
 Dienste van hoë gehalte aan plaaslike munisipaliteite (2)  
 Voldoende kragvoorsiening vanaf steenkoolvelde in die omgewing (2)  
 Naby internasionale lughawe (2)  
 Goeie telekommunikasienetwerk (2)  
 Vragverbrekingpunt (2)  
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

**[75]**

**VRAAG 4**

- 4.1 4.1.1 A (1)
- 4.1.2 B (1)
- 4.1.3 B (1)
- 4.1.4 A (1)
- 4.1.5 A (1)
- 4.1.6 A (1)
- 4.1.7 B (1) (7 x 1) (7)
- 4.2 4.2.1 D (1)
- 4.2.2 G (1)
- 4.2.3 A (1)
- 4.2.4 I (1)
- 4.2.5 B (1)
- 4.2.6 C (1)
- 4.2.7 F (1)
- 4.2.8 E (1) (8 x 1) (8)
- 4.3 4.3.1 (a) Oorgangsone (1)  
(aanvaar Vervalzone) (1)  
**[ENIGE EEN]** (1 x 1) (1)
- (b) Gemengde funksies (aanvaar voorbeelde, byvoorbeeld ligte nywerhede, woongebiede, pakhuisse) (1)  
Vervalle geboue (1)  
Hoë grondwaardes (1)  
Sosiale euwels kom gereeld voor. prostitusie, dwelmhandel, ens. (1)  
Onwettige besetting van geboue deur werklose persone (1)  
Graffiti teen mure (1)  
Geboue wat gebruik word vir ander funksies as hul oorspronklike funksie (bruin velde) (1)  
Inname en opvolging van die SSK (1)  
Oorbeseette toestande (1)

Informele handelaars (1)  
 Naby aan die SSK (1)  
 Ligte nywerhede word in die oorgangsones aangetref (1)  
 Ligte bedrywe beslaan 'n klein hoeveelheid ruimte (1)  
 Ligte nywerhede word nie met besoedeling geassosieer nie (1)  
 Ligte nywerhede gebruik ligte grondstowwe (1)  
 Ligte nywerhede is naby die mark omdat bederfbare goedere vervaardig word (1)  
**[ENIGE TWEE]** (2 x 1) (2)

(c) Naby die mark (SSK) (2)  
 Vereis nie groot ruimtes nie (2)  
 Ligte nywerhede kan meerverdieping geboue beset (2)  
 Produseer minder lug- en waterbesoedeling (2)  
 Naby die werkersmag (2)  
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)

(d) Van toepassing op beide die oorgangsones en die ligte industrie:  
 Grondgebruiksones **A** is die gebied van toekomstige uitbreiding van die SSK wat hoë grondwaardes het (2)  
 Grondgebruiksones **A** is naby die SSK dus waarom die aanvraag vir hierdie grond in die toekoms sal toeneem (2)  
 Kompetisie vir grond verhoog die grondwaardes (2)  
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)

4.3.2 Langs die ontspannings area (2)  
 Op die buitewyke van die stedelike gebied (2)  
 Weg vanaf industrieë (2)  
 Groot wonings (2)  
 Bewyse van tuine (2)  
 Verskillende argitektoniese ontwerpe (2)  
 Naby die groengordel (estetiese skoonheid) (2)  
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

4.3.3 Lugbesoedeling in sone **C** sal hoë-inkomste behuising by **B** ontmoedig (2)  
 Geraasbesoedeling in sone **C** sal hoë-inkomste behuising by **B** ontmoedig (2)  
 Sone **C** sal die estetiese mooiheid van sone **B** wegneem (2)  
 Sone **C** vereis grootskaalse en goedkoop grond terwyl die grondpryse by **B** hoog is (2)  
**C** sal die eiendomwaardes van **B** verlaag (2)  
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

4.4 4.4.1 Wanneer mense soms onwettig grond beset/Wanneer mense in self geboude strukture woon, wat van enige beskikbare materiaal gebou is (1)  
**[KONSEP]** (1 x 1) (1)

4.4.2 Aard van die konstruksie materiaal wat gebruik word (1)  
 Spasiëring tussen strukture (1)  
 Uitdagings vir nooddienste (1)  
 Menslike gedrag (1)  
**[ENIGE TWEE]** (2 x 1) (2)

- 4.4.3 Mense steek vure aan, gebruik paraffienverwarmers ens. (Om warm te bly) wat baie vlambaar is (2)  
 Toenemende gebruik van paraffien / gas stowe (2)  
 Toenemende gebruik van steenkool of hout om vure te maak (2)  
 Onwettige elektrisiteitsverbindings (2)  
 Nalatigheid by gebruik van oop vure (2)  
 Materiaal wat gebruik word om brande rondom hutte te bewaar (2)  
 Toenemende gebruik van kerse om lig op te wek (2)  
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)
- 4.4.4 Voorsien veiliger elektrisiteit / sonpanele aan hierdie nedersettings (2)  
 Voorsien die nodige infrastruktuur sodat noodpersoneel dadelik na brande kan omsien (aanvaar voorbeelde) (2)  
 Verskaf gereelde polisiëringsdienste om onwettige verbindings te monitor (2)  
 Vestig gemeenskapsforums om hulp te verleen in geval van brande (2)  
 Verhoogde toegang tot drinkbare (skoon) water (2)  
 Skep veilige nasorgplekke om veiligheid en toesig by kinders te verseker (2)  
 Toegang tot gemeenskapsale in noodgevalle (2)  
 Afbakening van spesifieke erwe vir mense om te vestig, sodat daar ruimte tussen huise is (2)  
 Bou formele baksteenhuise (2)  
 Verhoogde bewusmakingsprogramme (2)  
 Installeer brandkrane (2)  
**[ENIGE VIER]** (4 x 2) (8)
- 4.5 4.5.1 Oos-Kaap (1)  
 (Aanvaar OK) (1) (1 x 1) (1)
- 4.5.2 Motorindustrie /Aanmekeer maak van motors (1) (1 x 1) (1)
- 4.5.3 Natuurlike baai-hawe (1)  
 Dit het 'n meer sentrale ligging in vergelyking met die ander kern industriële streke om die noordelike en suidelike dele van Suid-Afrika te bereik (1)  
 Dek 'n gebied van 1957,6km<sup>2</sup> (1)  
 Geleë in die natter oostelike helfte van die land (1)  
**[ENIGE TWEE]** (2 x 1) (2)
- 4.5.4 Groot werkersmag (2)  
 Beskikbaarheid van 'n mark (2)  
 Groot koopkrag (2)  
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)
- 4.5.5 Bied volhoubare indiensneming vir plaaslike inwoners (2)  
 Verhoogde verdienste sal plaaslike ondernemings bevoordeel (2)  
 Verbeterde infrastruktuur wat met nywerhede verband hou, sal ander ekonomiese aktiwiteite in die omgewing 'n hupstoot gee (2)  
 Die uitvoer van voertuie verhoog buitelandse valuta (2)  
 Nywerhede sal tot plaaslike ekonomiese groei bydra (2)  
 Belasting deur die bedryf, dra by tot die streeksinkomste (2)  
 Bied die mark vir grondstowwe om produksie te verhoog (2)

Uitvoer van produkte verhoog buitelandse valuta (2)  
 Vermenigvuldiger-effek stimuleer ander sektore van die plaaslike ekonomie (2)  
 Resultate in die oplewing van mense wat kwaliteit en uitset sal verhoog (2)  
 Vierde-industriële rewolusievaardighede, bv. robotika sal die doeltreffendheid in die werkplek verhoog (2)  
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

4.5.6 Gebrek aan minerale en grondstowwe (2)  
 Gebrek aan minerale om te veredel (2)  
 Watertekorte asgevolg van geen aanvulling deur waterskemas (2)  
 Tekort aan geskoolde werksmag (2)  
 Minder tersiêre aktiwiteite en dienste (2)  
 Geen administratiewe hoofstad voordeel nie (2)  
 Swakker infrastruktuur in vergelyking met PWV (2)  
 Kleiner mark in PE-Uitenhage (2)  
 Elektrisiteit is duurder (2)  
 Minder kapitaalbelegging in PE-Uitenhage-streek (2)  
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

4.6 4.6.1 Klein besighede wat nie by SAID (SARS) geregistreer is nie/  
 Regeringsentiteite / vir belastingdoeleindes (1)  
**[KONSEP]** (1 x 1) (1)

4.6.2 Verban straathandel (1)  
 Beboet oortreders R5 000 sonder die keuse om tronk toe te gaan (1)  
 Gesigsuitdrukking/Ligaamshouding van die minister (1)  
**[ENIGE EEN]** (1 x 1) (1)

4.6.3 Neem besigheid weg vanaf formele besighede (2)  
 Belemmer die uitsig by formele besigheidgebiede (2)  
 Informele besighede neig om onnet te wees en vullis te versprei en kan gesondheidsrisiko's inhou (2)  
 Hulle is onooglik en bederf die estetiese mooiheid van die gebied (2)  
 Hulle neig om met hoë vlakke van geraas geassosieer te word (2)  
 Verhinder die beweging van voetgangers op die sypaadjies (2)  
 Dra nie formeel tot belasting by nie/Hulle is nie geregistreer nie (2)  
 Dit word met misdaad geassosieer (2)  
 Hulle ontmoedig mense om die formele besighede te ondersteun (2)  
 Hulle verhandel vervalsde produkte (2)  
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)

- 4.6.4 Gee hulle 'n inkomste om hul gesinne te onderhou (2)  
 Dit verminder armoede (2)  
 Belangrike bron van indiensneming (2)  
 Ontwikkel entrepreneuriese vaardighede (2)  
 Verminder die afhanklikheid van maatskaplike toelaes omdat die verkopers onafhanklik is (2)  
 Om hul lewenstandaard te verbeter (2)  
 Bevorder voedselsekuriteit (2)  
 In staat om verhoudings met formele ondernemings te vestig (2)  
 Hulle het buigsame handelsure (2)  
 Gemak om vanuit die huis te werk (2)  
 Benodig nie groot hoeveelhede kapitaal om die onderneming te begin nie (2)  
 Nie nodig om aansoek te doen vir permitte nie, en verminder dus die koste (2)  
 Moet nie aan handelsregulasies voldoen nie (2) (2)  
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)
- 4.6.5 Hierdie sektor word nie gereguleer (eie baas) nie (2)  
 Swak wetgewing om hierdie sektor te lei/of om reëls te implementeer (2)  
 Hierdie sektor betaal nie belasting nie (2)  
 Goedere wat verkoop word in goedkoop en bekostigbaar (2)  
 Goedere voldoen nie aan die SABS nie (2)  
 Tekort aan werksgeleenthede in die formele sektor forseer mense om werk in die informele sektor te soek (2)  
 Landelik-stedelik migrasie lei tot 'n daling in werksgeleenthede (Stoot-faktore) (2)  
 In dui stort van die Suid-Afrikaanse ekonomie veroorsaak grootskaalse afbetalings (2)  
 Tegnologie het die plek van werkers in die meeste industrieë geneem (2)  
 Verhoogde lewenskoste van stedelike leefwyse forseer mense om vir ekstra bronne inkomste in die informele sektor te soek (2)  
 Besighede in die informele sektor sub-kontrakteur mense in die informele sektor en veroorsaak 'n aanvraag vir informele handelaars(2)  
 Baie buitelanders kan nie permanent in die formele sektor werk kry nie en die informele sektor is die enigste geleentheid vir hulle om werk te kry (2)  
 Maatskaplike toelaes is onvoldoende om aan die mense se behoeftes te voorsien, daarom is dit 'n aanvulling op inkomste (2)  
 Gebrek aan vaardighede en finansies om hulself op te voed (2)  
 Moeilik om finansiering vir formele besigheid te bekom (2)  
 Dit is makliker om informele ondernemings te begin (2)  
 Die gemak van die huis af te werk verlaag die koste van die huur van 'n perseel (2)  
 Benodig nie groot hoeveelhede kapitaal om die onderneming te begin nie (2)  
 Hoef nie vir permitte aansoek te doen nie, dus minder burokrasie (rompslomp) (2)  
 Hoef nie aan handelsregulasies te voldoen nie (2)  
**[ENIGE VIER]** (4 x 2) (8)

**[75]****TOTAAL: 225**